kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Skriflesing: Filippense 1:3-11

Tema: Geloofsclichés: "Die Here het vir my gesê…"

A cliché is an idea or phrase which has been used so much that it is no longer interesting or effective or no longer has much meaning.

Broodjies vir die pad

"If someone thinks that peace and love are just a cliche that must have been left behind in the 60s, that's a problem. Peace and love are eternal."
— John Lennon

"Clichés, stock phrases, adherence to conventional, standardized codes of expression and conduct have the socially recognized function of protecting us against reality, that is, against the claim on our thinking attention that all events and facts make by virtue of their existence."
— Hannah Arendt, The Life of the Mind

"One great idea of the biblical revelation is that God is manifest in the ordinary, in the actual, in the daily, in the now, in the concrete incarnations of life, and not through purity codes and moral achievement contests, which are seldom achieved anyway… We do not think ourselves into new ways of living, we live ourselves into new ways of thinking… The most courageous thing we will ever do is to bear humbly the mystery of our own reality."
— Richard Rohr

"To love means loving the unlovable. To forgive means pardoning the unpardonable. Faith means believing the unbelievable. Hope means hoping when everything seems hopeless."
— G.K. Chesterton

Om te probeer sin maak van 'n land en sy dinge

Dana Snyman

Jy probeer maar om dit vir jouself te verduidelik. In die begin was daar Jan van Riebeeck en sy mense wat in die Kaap aangekom het om 'n verversingspos vir die VOC te vestig. In 1652. Toe kom die Franse Hugenote en ander Europese immigrante. Ook slawe en bannelinge uit die Ooste.

Later was daar vryburgers, en opstand teen die Kompanjie. Adam Tas. Ook Hendrik Biebouw, wat een Maart-dag in 1707 vir Johannes Starrenburg, die landdros van Stellenbosch, dronkerig uitdaag: "Ik wil niet lopen, ik ben een Africaander, al slaat die landrost mij dood, of al setten hij mijn in den tronk. Ik sal, nog wil niet swygen." Die eerste opgetekende geval van 'n Europeër wat homself 'n Afrikaner noem.

In daardie tyd is dié benaming – Afrikaner – net gebruik vir sekere slawe, vry swart mense en Khoi-Khoin wat in die Kaap gebore is.

Intussen het hierdie immigrante, hierdie Europeërs met die bleek vel, 'n nuwe taal beginne praat, 'n heerlike kombuistaal wat moontlik eerste deur die Khoi-Khoin gepraat is, wat met die Hollandse seelui in aanraking gekom het. Afrikaans was van die begin af glad nie net wit nie.

Toe die eerste Britse besetting van die Kaap. Daarna die Groot Trek: Piet Retief, Gerrit Maritz, Louis Trichardt en ander wat die binneland in is met 'n Statebybel in die wakis en die nuwe bastertaal uit die Kaap op die lippe. Bloedrivier. Sarel Cilliers. 'n Volk wat ontstaan – die Afrikaners.

Later word diamante en goud in die noorde van die land ontdek. Die Anglo-Boereoorlog. Kruger, Steyn, Smuts, De la Rey, De Wet. Die konsentrasiekampe, die lyding, die afgebrande plase. Die armblankevraagstuk.

Die stryd om Afrikaans as 'n amptelike taal erken te kry. Langenhoven. Die Eerste Ekonomiese Volkskongres. 'n Volk wat uit die as van armoede opstaan. Die Reddingsdaadbond. 1938 se Simboliese Ossewatrek. 'n Gees van nasionalisme wat Die Volk beetpak. Toe 1948: Die Nasionale Party kom aan bewind. Malan. Strijdom.

Bruin mense wat in 1955 van die kiesersrol verwyder word – 'n laaste kans vir iets meer oop en wyd daarmee heen. Verwoerd. Die Groepsgebiedewet. Voorspoed vir party; hartseer vir ander. Sharpeville. Beyers Naudé.

Die digter D.J. Opperman wat waarsku: "Die Afrikaner het gebou aan sy eie wêreld, het hom sterk gemaak en in die proses die Engelsman, Kleurling en Bantoe van hom vervreem."

Vorster. Steve Biko. ANC-bomme. P.W. Botha. Sanksies. Townships wat brand. F.W. de Klerk. Genl. Constand Viljoen. Drie AWB's wat doodgeskiet langs 'n Mercedes in Bophuthatswana se stof lê. Die koms van die nuwe Suid-Afrika. Nelson Mandela. *Never again.* 'n Verlore droom.

En nou, in die jaar van onse Liewenheer 2019, rig soveel Afrikaners hul hoop vir nuwe sekerhede op 'n popsanger wat homself graag 'n Boer noem en swaar dra aan die nostalgie oor 'n vergeefse vroeëre tyd van Afrikaner-oorheersing.

Hoe de hel het dít gebeur?

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/om-te-probeer-sin-maak-van-n-land-en-sy-dinge-20190503

"There is a difference — subtle but very significant — between having faith in my faith (i.e., faith in my intellectual concepts about God — another way of saying "leaning on my own understanding") and having faith in God. There is a corresponding difference between doubting my faith and doubting God."

— Brian D. McLaren, A Search for What Is Real

"If we think in term of months, we had probably focus on immediate problems such as the turmoil in the Middle East, the refugee crisis in Europe and the slowing of the Chinese economy. If we think in terms of decades, then global warming, growing inequality and the disruption of the job market loom large. Yet if we take the really grand view of life, all other problems and developments are overshadowed by three interlinked processes: 1.Science is converging on an all-encompassing dogma, which says that organisms are algorithms and life is data processing. 2.Intelligence is decoupling from consciousness. 3.Non-conscious but highly intelligent algorithms may soon know us better than we know ourselves. These three processes raise three key questions, which I hope will stick in your mind long after you have finished this book: 1.Are organisms really just algorithms, and is life really just data processing? 2.What's more valuable – intelligence or consciousness? 3.What will happen to society, politics and daily life when non-conscious but highly intelligent algorithms know us better than we know ourselves?"

— Yuval Noah Harari, Homo Deus: A Brief History of Tomorrow

(An algorithm (pronounced AL-go-rith-um) is a procedure or formula for solving a problem, based on conducting a sequence of specified actions. A computer program can be viewed as an elaborate algorithm. In mathematics and computer science, an algorithm usually means a small procedure that solves a recurrent problem.)

Brood vir die pad

Die opstanding en waarvoor

André van Niekerk

Oor twee sake mag 'n mens in die ou weermageenhede se kroeë nie gepraat het nie: godsdiens en politiek. Dit maak sin. As dié twee sake mense laat stry, hoeveel te meer nie wanneer drankies denkkrag verdoof en eiewaan versterk nie?

Een van ons grootste denkers en digters, N.P. van Wyk Louw, is daarteenoor juis bekend vir sy pleidooi om die oop gesprek. Almal wat bereid is om eerlik te vertel, werklik te luister en bereid is om van mekaar te leer, behoort oor alles onder die son met mekaar te kan praat. Die ironie is dat baie van ons ervaar dat 'n mens dié oopheid van hart eerder in 'n kroeg as in die kerk met mekaar kan waag.

Sou ons byvoorbeeld oor die opstanding van Christus, wat ons in hierdie tyd herdenk, vrymoedig kan wees, verhelder die waardes waarvoor ons in vandag se verkiesing moet opstaan.

Die opstanding is soos 'n klip wat in die water gegooi is. Beskou 'n mens dit as wensdenkery en visioene, stuit jy voor die Bybel-getuienis van (antieke, maar nugter) mense wat oortuig is dat die Here by hulle was. Aanvaar 'n mens egter probleemloos dat Jesus net sy vroeëre lewe hervat het, is daar getuienis dat Hy soms nie herken is nie en andersoortig gelewe het.

Die klip oor wat presies gebeur het, is onder die water in en al wat ons sien, is die golwe wat uitkring. Bang dissipels wat Jesus verloën en verlaat het, word oornag dapper pioniers van 'n lewe sonder die ou vrese en grense. Eenvoudige mense lewe met nuwe vertroue en vryheid in God om oop gemeenskappe te vorm waarin almal welkom is.

Hoewel die Christene in Korinte Christus se opstanding bely het, het hulle nie die implikasies vir hul eie lewe en dood aanvaar nie (1 Kor. 15). Wanneer ons ook nie die groter werklikheid van God se nuwe lewe aanvaar nie, maar steeds net vir ons eie veiligheid, ons eie koninkrykies en ons eie toekoms op Christus hoop, is ons nie die "bejammerenswaardigste van alle mense" nie? As ons sou lewe asof die dood en sy trawante van siekte, haat, terugslaan en oorlog steeds volmag oor ons het, is ons geloof nie betekenisloos nie?

Meer as ander het Van Wyk Louw die "geding met God" en die uitkringende betekenis van Christus bedink vanuit 'n liefde vir Afrikaans en sy volk. Daarom waarsku hy enersyds oor boosheid wat in ons verskuil is, sodat ons "soet-goed" in donkerte vir mekaar "fluister", maar helderheid skaars is – "alleen die baie fyn dink is suiwer, so suiwer dat niemand daaraan wil vat nie". Andersyds moedig hy ons aan tot die hoogste politieke waarde: "voortbestaan in geregtigheid". Vanuit sy kenmerkende "kragdadigheid" val die destydse eerste minister die digter aan oor sy kritiese lojaliteit en maak die wyse se stem stil.

Geloof is vandag meer as 'n kruisie trek agter soet magswoorde. Geloof is opstaan – in watter party jy ook al is – vir oopheid, helder denke en voortbestaan in geregtigheid.

Van Niekerk is 'n predikant in Pretoria.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-opstanding-en-waarvoor-20190507

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877